GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN HOëRSKOOL GIMNASIUM, PAARL

INDEKS

DEEL I – ALGEMEEN

1. 'N VISIE VIR PAARL GIMNASIUM

2. INLEIDING

3. GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN HOËRSKOOL GIMNASIUM, PAARL

4. DOEL

5. WOORDBEPALINGS

DEEL II – SKEDULE A (GEDRAGSREËLS)

1. INLEIDING

2. STUDENTERAAD (SR)

3. ALGEMENE REËLS

4. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

5. ALGEMENE SKOOLREËLS

6. KLEREDRAG EN VOORKOMS

7. BEWEGING EN AANTREE VAN LEERDERS

8. SKOOLKENNISGEWINGS

9. SKOOLWERK EN HUISWERK

10. TOETSE EN EKSAMENS

11. SKOOLRAPPORTE

12. STIPTELIKHEID

13. AFWESIGHEID VAN SKOOL

14. OMGEWING

15. SELFONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE

DEEL II – SKEDULE B (KATEGORIEË VAN WANGEDRAG EN DISSIPLINÊRE STELSEL)

1. KATEGORIEË VAN WANGEDRAG

2. DISSIPLINÊRE STELSEL

DEEL II – SKEDULE C (STRAFMAATREËLS)

1. STRAF VIR DIE ONDERSKEIE KATEGORIEË VAN WANGEDRAG

DEEL II – SKEDULE D (DISSIPLINÊRE PROSEDURES VAN TOEPASSING BY DIE ONDERSOEK EN VERHOOR VAN DIE VERSKILLENDE KATEGORIEË VAN WANGEDRAG)

1. AANMELDING EN HANTERING VAN KATEGORIE "A" WANGEDRAG

2. AANMELDING EN ONDERSOEK VAN KATERGORIE "B" WANGEDRAG

3. AANMELDING EN ONDERSOEK VAN KATERGORIE "C" WANGEDRAG

DEEL II – SKEDULE E (PROSEDURE MET DISSIPLINÊRE VERHOOR)

1. VERHOOR

2. UITSPRAAK EN STRAFMAATREËLS

DEEL II – SKEDULE F (SKORSING EN UITSETTING)

DEEL II – SKEDULE G (DEURSOEKINGS)

DEEL III – KOSHUISGEDRAGSKODE (slegs van toepassing op koshuisleerders)

DEEL I

ALGEMEEN

'N VISIE VIR PAARL GIMNASIUM

i) 'n Christelike skool waar ryke tradisies hand aan hand loop met die strewe na uitnemendheid, diensbaarheid en integriteit.
ii) 'n Afrikaanse skool waar alle leerders hul volle potensiaal op sport-, kultuur- en akademiese gebied kan bereik en internasionaal kan meeding.
iii) Gimnasium wil altyd in 'n kalme, vriendelike atmosfeer jongmense voorberei om waardige lands- en wêreldburgers te wees.

INLEIDING

Hierdie dokument is die jongste Gedragskode van die Hoërskool Gimnasium, Paarl en soos goedgekeur van tyd tot tyd deur die Skoolbeheerliggaam. Die Gedragskode is opgestel in ooreenstemming met, en word inkorporeer in samehang met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ("die Skolewet"); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 72 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemende Kennisgewing 776 in Staatskoerant 1998 van 5 Mei 1998); die Regulasie met betrekking tot apparate vir dwelmtoetsing en prosedure wat gevolg moet word (GK1140 in Staatskoerant 3147 van 19 September 2008); Regulasie vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig); Regulasie betreffende die dissiplinering, skorsing en uitsetting van leerders in Openbare Skole in die Wes-Kaap (buitengewone Provinsiale Koerant, Nr. 6939, gedateer 15 Desember 2011) en toepaslike provinsiale wetgewing.

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN HOËRSKOOL GIMNASIUM, PAARL

Artikel 8(2) van die S.A. Skolewet van 1996 wys daarop dat 'n gedragskode vir leerders daarop gemik moet wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van 'n gehalte-leerproses.

Die Skolewet plaas die verpligting op die skoolbeheerliggaam om 'n gedragskode vir leerders te aanvaar.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die finalisering daarvan eers na oorlegpleging met die Gimnasium-leerders, ouers en opvoeders kan geskied.

Leerders word volgens wet verplig om die bepalings in die gedragskode na te kom en te eerbiedig.

'n Afskrif van die gedragskode is beskikbaar op die skool se webtuiste en/of op aanvraag.

DOEL

4.1 Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van 'n uitnemende- en kwaliteit opvoedkundige omgewing.

4.2 Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode en moet hulle dit stiptelik nakom.

Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

WOORDBEPALINGS

In hierdie Gedragskode, tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde die betekenisse daarteenoor aangetoon:

"beheerliggaam"	die beheerliggaam van Hoërskool Gimnasium, Paarl.
"Dissiplinêre Hoof"	Hoofde aangestel deur die leierspan vir die hantering van dissiplinêre aangeleenthede soos uiteengesit in hierdie gedragskode.
"Dissiplinêre komitee : Skool" (SDK)	'n komitee saamgestel deur die beheerliggaam van 'n openbare skool ingevolge Artikel 30(1) van die Wet.
"dwelmmiddels:	'n dwelmmiddel soos omskryf in die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, Wet 140 van 1992.
"ernstige wangedrag"	soos omskryf in Artikel 3 van buitengewone provinsiale koerant no 6936 gedateer 15 Desember 2011.
"gedragskode"	hierdie dokument, soos van tyd tot tyd formeel gewysig, insluitend die koshuisgedragskode.
"Interne Dissiplinêre Komitee" : koshuis (KDK)	die interne komitee wat bestaan uit die Koshuishoof as voorsitter en enige twee Superintendente.
"koshuis"	Huis McFarlane en Huis Kalahari Visser.
"Koshuishoof"	die opvoeder aangestel deur die beheerliggaam van die skool as hoof van die koshuis, asook enige ander opvoeder wat in sy plek waarneem.
"Koshuiskomitee"(KK)	Komitee aangestel en bekragtig deur die beheerliggaam.
"Dissiplinêre komitee van die KK"	drie lede van die Koshuiskomitee asook 'n onafhanklike voorsitter, wat op 'n *ad hoc*-basis deur die Koshuiskomitee gekoöpteer sal word.
"leierspan"	die skoolhoof en adjunkhoofde wat verantwoordelik is vir die doeltreffende bestuur van die skool,
"leerder"	enige leerder behoorlik toegelaat en ingeskryf by Hoërskool Gimnasium, Paarl
"Opvoeder/s en/of personeel"	enige opvoeder/s, insluitende die skoolhoof en adjunkhoofde, wat van tyd tot tyd onderwysdienste by die skool lewer
"ouers"	die ouer/s of wettige voog/de van 'n leerder.
"skool"	Hoërskool Gimnasium, Paarl.
"skoolhoof"	die dienende skoolhoof of waarnemende skoolhoof van Hoërskool Gimnasium, Paarl van tyd tot tyd.
"webwerf"	http://www.paarlgim.co.za

Mnr/Mev _____ ouer/voog van _____ in (Graad)_____ erken hiermee ontvangs van die gedragskode en skoolreëls (wat die koshuisreëls insluit).

Ons, saam met ons kind, onderneem om ons hieraan te onderwerp.

_____ _____

Geteken (Ouer / Voog) **Leerder**

_____ _____

(Naam in drukskrif) **(Naam in drukskrif)**

_____

Datum

DEEL II

SKEDULE A

GEDRAGSREËLS

1. INLEIDING

1.1 Hierdie reëls het ten doel om die leerders se sedelike-, geestelike- en dissiplinêre vorming te ondersteun, die handhawing van goeie orde in die skool te bevorder en erkenning te gee aan die gesagstruktuur asook die strewe na die uitbouing van die skool se goeie naam.

1.2 Leerders moet hulle deeglik op hoogte bring van die inhoud en betekenis van die reëls asook enige wysigings of toevoegings daarvan.

2. STUDENTERAAD (SR) EN SKOOLLEIERS

2.1 Die SR is saam met die personeel van die skool verantwoordelik vir algemene skooldissipline.

2.2 SR-lede moet leerders wat oortree na die dissiplinêre hoofde van die skool verwys, waarna lynfunksies gevolg sal word.

2.3 Alle leerders moet enige redelike voorskrif van 'n SR-lid gehoorsaam, en moet die SR ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.

3. ALGEMENE REËLS

3.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool gedra.

3.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.

3.3 Leerders is verplig om die skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook 'n omgewing en toestande waar die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van die leerders verwag om enige redelike opdrag van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die studenteraad of klasleier te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer.

3.4 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

4. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

RESPEK

4.1 Leerders is verplig om die voorgeskrewe eer te betoon wanneer die skoollied van die skool en die volkslied van Suid-Afrika gespeel, gesing of voorgedra word.

4.2 Leerders moet die amptelike landsvlag van Suid-Afrika eerbiedig.

4.3 Wanneer 'n volwassene op enige stadium verby 'n leerder stap, moet hy/sy uit hoflikheid opstaan en groet. Leerders moet by deuringange terugstaan ten einde 'n volwassenene eerste toegang te bied.

4.4 Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die skoolhoof, adjunkhoofde, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid en uittarting.

4.5 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

VERBODE AKTIWITEITE

4.6 Die volgende oortredings ("Verbode Aktiwiteite") kan by die skuldigbevinding van 'n individu lei tot skorsing en/of uitsetting:

4.6.1 **ROOK**

4.6.1.1 Rook deur leerders op die skool-/koshuisterrein of by 'n skool-/koshuisfunksie of -uitstappie of enige plek waar hulle die skool verteenwoordig of met die skool geassosieer kan word, is streng verbode.

4.6.1.2 Geen leerder mag op die skool-/koshuisterrein of by 'n skool-/koshuisfunksie of -uitstappie of enige plek waar hulle die skool verteenwoordig of met die skool geassosieer kan word, in besit wees van, of handel dryf met, enige materiaal of artikel wat met rook verband hou nie, insluitend vuurhoutjies, aanstekers, enige tabakprodukte, e-sigarette en e-sigaret-vloeistowwe.

4.6.2 **ALKOHOLIESE DRANK**

4.6.2.1 Die gebruik of besit van alkoholiese drank deur 'n leerder op die skool-/koshuisterrein of by 'n skool-/koshuisfunksie of -uitstappie of enige openbare plek of plek waar hy met die skool geassosieer kan word of waar die skool se naam in gedrang gebring word, word ten strengste verbied.

4.6.2.2 Geen alkoholiese drank mag deur 'n leerder op die skool-/koshuisterrein of –geboue gebring word nie.

4.6.2.3 Geen leë drankhouers mag in 'n leerder se besit wees, of versamel word, terwyl 'n leerder op die skool-/koshuisterrein of in –geboue is nie.

4.6.2.4 Leerders wat na drank ruik of onder die invloed van drank is, word verbied om op die skool-/koshuisterrein of by skoolfunksies en -aktiwiteite te kom.

4.6.2.5 Leerders mag nie in openbare plekke waar alkoholiese drank bedien word wees terwyl hulle in skooldrag of op 'n skooluitstappie of –funksie is nie.

4.6.3 **DWELMMIDDELS**

4.6.3.1 Die gebruik, besit of verhandeling van dwelmmiddels deur 'n leerder op die skool-/koshuisterrein of by 'n skool-/koshuisfunksie of -uitstappie of enige openbare plek of plek waar hy met die skool geassossieer kan word of waar die skool se naam in gedrang gebring mag word, word ten strengste verbied.

4.6.3.2 Geen dwelmmiddels of enige materiaal wat met dwelms verband hou, mag deur 'n leerder op die skool- of koshuisterrein of in –geboue gebring word nie.

4.6.3.3 Leerders wat onder die invloed van dwelmmiddels is, word verbied om op die skool- of koshuisterrein of by skoolfunksies of -aktiwiteite te kom. Indien die redelike vermoede bestaan dat 'n leerder in besit is van dwelms of daarmee handel dryf, sal dit onverwyld by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld word. Die ouer sal onverwyld hiervan in kennis gestel word en die leerder sal onmiddellik uit die skool en/of koshuis verwyder word totdat die SAPD-ondersoek en strafsaak afgehandel is. Indien die leerder in die strafsaak skuldig bevind word aan besit of handeldryf

met dwelms, sal die tydelike uitsetting uit die skool en/of koshuis outomaties permanent word.

4.6.4 **ONWELVOEGLIKE- OF PORNOGRAFIESE MATERIAAL OF - VOORWERPE**

4.6.4.1 Leerders mag onder geen omstandighede enige onwelvoeglike- of pornografiese materiaal of -voorwerpe in enige vorm in hulle besit hê, terwyl hulle op die skool-/koshuisterrein of in –geboue is nie, hetsy dit in die vorm van 'n publikasie (soos boeke, tydskrifte, foto's, tekeninge, ens.) of in elektroniese of digitale formaat (soos DVD's, CD's, ens.) of enige ander formaat, is.

4.6.5 **DOBBELARY**

4.6.5.1 Dobbelary van enige aard deur 'n leerder op die skool-/koshuisterrein of in skool- of koshuisdrag buite die skool-/koshuisterrein word verbied.

4.6.6 **SATANISME / OKKULTEBEDRYWIGHEDE**

4.6.6.1 Satanisme of enige okkultebedrywighede deur 'n leerder, van watter aard ook al, word ten strengste verbied.

4.6.7 **ONTGROENING**

4.6.7.1 Enige vorm van ontgroening word ten strengste verbied en sal daar streng teen oortreders opgetree word.

4.6.7.2 Geen senior of ander leerder mag enige leerder op enige manier, hetsy fisies of geestelik, afknou of leed aandoen of skade berokken nie.

4.6.7.3 Die bekendstelling van graad 8- en 9-leerders aan die tradisies, gebruike en reëls van die skool/koshuis word egter as belangrik geag vir hulle effektiewe inskakeling by die skool-/koshuislewe, en sal die graad 8-leerders gevolglik deelneem aan 'n sinvolle oriënteringsprogram onder leiding van die onderskeie leierskapstrukture en hul voogde (graad 8 en 12) en onder die streng toesig van die superintendente of hul gevolmagtigdes.

4.6.8 **ONWELVOEGLIKE TAAL**

4.6.8.1 Die gebruik van vuil, onwelvoeglike of vernederende taal deur leerders of die vloek van mede-leerders, opvoeders, personeel, werkers, ens. word ten strengste afgekeur en verbied.

4.6.9 **AANRANDING, BAKLEIERY OF VUISSLANERY**

4.6.9.1 'n Leerder mag nie enige opvoeder, werknemer, ander leerder of ander persoon aanrand of dreig om hom aan te rand nie.

4.6.9.2 'n Bakleiery of vuisslanery deur of tussen leerders word ook ten strengste verbied, so ook die onverantwoordelike of nalatige optrede van een leerder teenoor 'n ander wat hom moontlik skade of nadeel kan aandoen of berokken.

4.6.10 **DIEFSTAL EN SAAKBESKADIGING / VANDALISME**

4.6.10.1 Leerders moet mekaar en ander se privaatheid en eiendom respekteer.

4.6.10.2 Geen leerder mag die eiendom van die skool/koshuis, 'n opvoeder, 'n personeellid, 'n mede-leerder of enige iemand anders steel of wederregtelik toeëien nie of sonder toestemming of op 'n onbehoorlike wyse gebruik of laat gebruik nie of op 'n opsetlike of nalatige wyse beskadig nie.

4.6.11 **ERNSTIGE WANGEDRAG**

4.6.11.1 Ernstige wangedrag soos omskryf in Artikel 3 van buitengewone provinsiale koerant no 6936 gedateer 15 Desember 2011.

4.7 **GEEN LEERDER MAG IN BESIT WEES VAN ENIGE VAN DIE VOLGENDE NIE:**

i) Aanstootlike en diskriminerede media, insluitende gedrukte, klank en elektroniese media;

ii) Wapens van enige aard, insluitend, maar nie beperk nie tot, vuurwapens, messe of enige ander apparaat waardeur iemand anders fisiese skade aangedoen kan word;

iii) Plofstowwe en brandbare items en middels;

iv) Stinkbomme of enige ander item wat algemene ongerief kan veroorsaak.

4.8 Indien 'n leerder om 'n bepaalde rede (bv. mondelingles) verbode middels soos genoem in 4.7 skool toe wil bring, moet verlof vooraf verkry word by die graadvoog. Laasgenoemde sal bepaal onder welke omstandighede sodanige items skool toe gebring en bestuur moet word op die skoolterrein.

4.9 Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure van 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat sonder verlof nie. In geval van afwesigheid moet die ouers 'n rede verstrek.

4.10 Leerders mag nie mede-leerders se liggaamlike, geestelike en morele welsyn benadeel of in gevaar stel nie.

4.11 Ryloop in skooldrag is streng verbode en word andersins ontmoedig.

4.12 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal, benewens die nakoming van die bepalings van hierdie gedragskode, hulle van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig-opruiende of onbetaamlike gedrag weerhou. In die besonder mag leerders nie negatief op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters reageer nie.

4.13 Leerders wat enige skoolaktiwitieit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal hulle onderwerp aan en neerlê by enige opdragte en aanwysings wat hulle voor, gedurende én na afloop van die betrokke aktiwiteit ontvang van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die SR of ouers wat die skoolhoof aangestel het om met die vervoer, toesig of beheer van leerders te help wat na of van die betrokke aktiwiteit vervoer word, of dit bywoon.

5. ALGEMENE SKOOLREËLS

5.1 Alle leerders moet die weeklikse saalbyeenkomste bywoon. Slegs leerders wie se ouers/voogde vooraf skriftelike toestemming van die hoof verkry het, mag van die godsdienstige gedeelte van die saalbyeenkomste verskoon word.

5.2 Tydens saalbyeenkoms heers daar altyd 'n eerbiedige stilte in die saal.

5.3 Indien leerders van tydelike deelname aan liggaamlike opvoeding (MBS) verskoon moet word, moet hul ouers of voog dit vooraf skriftelik versoek van die verantwoordelike onderwyser.

5.4 In geval van aansoek om permanente of langdurige vrystelling van liggaamlike opvoeding (MBS), moet die aansoek gerugsteun word deur ‘n mediese sertifikaat.

5.5 Die klasordereëlings moet in elke klas streng nagekom word.

5.6 Geen leerders mag gedurende skoolure die skoolgebou se hoofingang gebruik of deur die portaal stap nie.

5.7 Wanneer aankondigings oor die interkom gedoen word, moet daar stilte wees.

5.8 Ongemagtigde toegang tot enige skool- of koshuisgebou of enige ander fasiliteit is streng verbode.

5.9 Leerders mag nie fasiliteite of toerusting van die skool, insluitende sporttoerusting, buite skoolure sonder toestemming gebruik nie.

5.10 Leerders moet deelneem aan die voorgeskrewe opvoedingsprogramme, tensy vrystelling deur die Onderwysdepartement verleen is.

5.11 Wanneer leerders by buitemuurse skoolaktiwitieite aansluit, moet hulle hul pligte en verantwoordelikhede in verband daarmee getrou nakom, tensy hulle vooraf betyds deur die betrokke onderwyser daarvan vrygestel word.

5.12 Ongemagtigde eet in klaskamers of enige ander lokaal binne die skoolgebou is verbode.

5.13 Trapfietse mag slegs in die skool se fietsrakke geplaas word.

5.14 Motorfietse mag slegs op die aangewese plekke parkeer word.

5.15 Die bestuur van ‘n motorvoertuig of motorfiets deur ‘n leerder sonder ‘n geldige lisensie (dus: nie leerlinglisensie nie) of op so ‘n wyse dat dit ‘n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders en/of lede van die publiek, word verbied. Leerders wat hulle hieraan skuldig maak, sal die voorreg om ‘n voertuig op die skoolterrein te gebruik, verbeur.

5.16 Die bestuur van motorvoertuie en motorfietse op die koshuisterrein word nie toegelaat nie. Geen leerder mag links draai by die hoek van Rango nie.

5.17 Die reg van toegang tot die skoolterrein word voorbehou.

6. KLEREDRAG EN VOORKOMS

6.1 Die voorgeskrewe reëls met betrekking tot kleredrag en voorkoms sal aan elke leerder verskaf word en moet nagekom word. Alle opvoeders sal toesien dat daaraan voldoen word.

6.2 Voorgeskrewe skool- en sportdrag is verpligtend vir skoolbywoning, amptelike skoolaangeleenthede en deelname aan georganiseerde sport-aktiwiteite, skooltoere of -uitstappies, tensy anders gereël vir besondere geleenthede.

6.3 Leerders se skooldrag en persoon moet te alle tye netjies en skoon wees.

6.4 Leerders mag slegs lapelwapens van die skool en die skool se klubs of verenigings dra.

6.5 Leerders mag nie in skool- of skoolsportdrag met hulle hande in die sakke wees nie.

7. BEWEGING EN AANTREE VAN LEERDERS

7.1 Alle leerders moet betyds op die aangewese plekke aantree en in rye die skool binnegaan.

7.2 Ordelikheid, stiptelikheid en stilte is ‘n vereiste wanneer leerders aantree, verdaag of van lokale verwissel.

7.3 Tasse word altyd in die hand verste van die muur gedra, sodat die mure nie beskadig word nie.

7.4 Die trap naaste aan die vlagpale word slegs gebruik om mee OP te gaan, terwyl die trap naaste aan die kafeteria slegs gebruik word om mee AF te kom. Dit geld nie vir die begin van die dag en na pouses nie.

7.5 Elke leerder moet gedurende pouse betyds sorg dat hy in die omgewing van sy aantreeplek is.

7.6 Leerders mag nie gedurende die klaswisseling of periodes die toilette besoek nie, slegs pouses.

7.7 Geen leerders word in die gange toegelaat tydens pouse, of voor skool nie, behalwe op reëndae.

8. SKOOLKENNISGEWINGS

8.1 Leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of ‘n opvoeder van die skool vir dié doel aan hulle uitreik, aan hul ouers te oorhandig en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.

9. SKOOLWERK EN HUISWERK

9.1 Daar sal te alle tye ‘n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

9.2 Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.

9.3 Alle leerders sal ‘n huiswerkboek ingevolge die skoolhoof of klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.

9.4 Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, ‘n skriftelike nota van sy/haar ouers met ‘n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.

9.5 Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende ‘n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder ‘n aanvaarbare verskoning, sal as ‘n oortreding van hierdie reël beskou word.

9.6 Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

10. TOETSE EN EKSAMENS

10.1 Alle leerders is verplig om hulle aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders aan hulle opgedra word, te onderwerp. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal slegs in uitsonderlike gevalle verskoon word, mits die ouers/voogde van die betrokke leerder op die vroegs moontlike geleentheid 'n volledige en aanvaarbare skriftelike verduideliking aan die skoolhoof oorhandig.

10.2 Leerders moet hulle met die afneem van toetse of eksamens van enige vorm van oneerlikheid weerhou.

11. SKOOLRAPPORTE

11.1 Leerders moet handel met die skoolrapport wat aan hulle voorsien word volgens die voorskrifte wat die skoolhoof of klasopvoeder aan hulle mag voorsien.

12. STIPTELIKHEID

12.1 Leerders moet altyd op die bestemde tyd opdaag aan die begin van die skooldag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit. Wanneer leerders laat is, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hulle ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die skoolhoof of gedelegeerde opvoeder aanmeld.

13. AFWESIGHEID VAN SKOOL

13.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool en dan slegs met die skriftelike toestemming van die skoolhoof of sy verteenwoordiger indien hy nie beskikbaar is nie.

13.2 Leerders wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet by hulle terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hulle ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n sertifikaat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of 'n ander rede deur die skoolhoof goedgekeur.

14. OMGEWING

14.1 Leerders mag nie die skool-/koshuisterreine of -geboue bemors nie.

14.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.

14.3 Leerders moet toilette skoon agterlaat.

14.4 Enige optrede of versuim van leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.

14.5 Dit is verbode om slagspreuke ("graffiti"), plakkers en/of plakkate op enige oppervlakte by die skool aan te bring.

14.6 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die SR met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

15. SELFONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE

15.1 Die ongemagtigde gebruik van selfone tydens klasperiodes/saalbyeenkomste is verbode.

15.2 Selfone moet in die klaskamers en tydens klaswisseling afgeskakel wees.

15.3 Selfone mag nie as sakrekenaars gebruik word nie.

15.4 Selfone en elektroniese toestelle wat in die klaskamer sigbaar is, moet oorhandig en aan die verantwoordelike Dissiplinêre Hoof oorhandig word.

15.6 Ouers sal deur die Dissiplinêre Hoof gekontak word om reëlings te tref vir teruggawe van selfone/elektroniese toerusting.

DEEL II

SKEDULE B

KATEGORIEë VAN WANGEDRAG EN DISSIPLINÊRE STELSEL

1. KATEGORIEë VAN WANGEDRAG

Vir die toepassing van hierdie gedragskode word wangedrag in 3 (drie) kategorieë ingedeel, naamlik kategorie A, B & C-wangedrag. Dit stem ooreen met die verskillende strafmaatreëls wat toegepas kan word soos uiteengesit in skedule C hiervan en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag soos uiteengesit in skedule D.

2. DISSIPLINÊRE STELSEL

2.1 Die SDK het 'n lys van die kategorie A, B en C wangedrag tesame met die toepaslike negatiewe puntestelsel opgestel, welke lys aan die leerder oorhandig word by aanvang van die akademiese jaar en ook beskikbaar is op die skool se webtuiste. Sodanige lys moet beskou word as aanvullend tot hierdie gedragskode.

2.2 Dit is elke leerder en ouer se plig en verantwoordelikheid om toe te sien dat deeglik kennis geneem word van hierdie gedragskode.

2.3 Die dissplinêre puntestelsel is gekoppel aan die strafmaatreëls soos uitgesit in skedule C hiervan.

3. DISSIPLINêRE PUNTE

KODE	OORTREDING	KATEGORIE	PUNTE
1	Laat vir klas / skool	A	10
2	Laat aantree by rye	A	10
3	Klasorde: Ignoreer orde-reëlings	A	10
4	Huiswerk: Onvolledig	A	10
5	Huiswerk: Nie gedoen	A	20
6	Vergeet boeke / toerusting	A	20
7	Boeke nie oorgetrek	A	20
8	Voorportaal sonder toestemming	A	20
9	Verbode terrein sonder toestemming	A	20
10	Aantree – versuim	A	20
11	Aantree – verkeerde plek	A	20
12	Netheid: Voorkoms / persoon	A	20
13	Netheid: Skooldrag / uniform	A	20
14	Onvanpaste optrede tydens saal/vlagparade/funksies	A	20
15	Kru taal	A	20
16	Rommelstrooi / bemors gebou	A	20
17	Vry in skooldrag/skoolterrein/skoolfunksie	A	30
18	Wangebruik van elektroniese toerusting	A	30
19	Selfoon gebruik sonder toestemming	A	30
20	Tasse wegsteek	A	50
21	Disrespek	A	50
22	Huiswerk: Oneerlikheid / verskaf.	A	50

23	Klasontwrigting (verhoed effektiewe onderrig)	B	50
24	Daag nie op vir klas nie	B	50
25	Daag nie op vir detensie nie	B	50
26	Leuens	B	50
27	Wys onwelvoeglike tekens	B	50
28	Teenwoordig by rokers	B	50
29	Parkeer / bestuur van motor op verbode terrein	B	50
30	Hanteer / besit gevaarlike voorwerpe	B	50
31	Onwettige verlaat van skoolterrein	B	100
32	Afwesig van skool sonder verlof	B	100
33	Beskadiging van eiendom - moedswillig	B	100
34	Aanstootlike, onaanvaarbare gedrag	B	100
35	Ernstige onaanvaarbare taalgebruik/die persoon vloek	B	100
36	Viktimisasie/intimidasie/baklei (insluitend ruk en pluk)	B	100
37	Gooi gevaarlike voorwerpe	B	100
38	Oneerlikheid tydens toets / eksamen (alle partye)	B	100
39	Vervalsing / plagiaat	B	100
40	Besit en/of gebruik van enige nikotienverwante middel/apparaat, narkotiese middel/apparaat, enige alkoholiese middel - terwyl onder toesig van skool	C	150
41	Besit onwelvoeglike materiaal / pornografie / ernstige onwelvoeglikheid, insluitend sosiale media.	C	150
42	Diefstal	C	150
43	Vandalisme	C	150
44	Fisieke- / Geweldadige aanranding / opsetlike besering	C	150
45	Herhaaldelik, sonder verlof, weg van die skool en/of van klasse afwesig	C	150
46	Die leerder, na die mening van die Beheerliggaam, hom/haar op ‘n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra het.	C	150
47	Skuldigbevinding aan ‘n misdryf en gevangenisstraf opgelê en/of beboet.	C	150

DEEL II

SKEDULE C

STRAFMAATREËLS

STRAF VIR DIE ONDERSKEIE KATEGORIEë VAN WANGEDRAG

Die volgende strafmaatreëls sal geld en toegepas word wanneer 'n leerder hom/haar skuldig maak aan oortredings en negatiewe punte (debiete) ontvang het:

Aantal Debiete (netto)	**50 en meer**	**100 en meer**	**150 en meer**	**200 en meer**	**250 en meer**	**300 en meer**
Kategorie A + B-oortredings	1. Detensie- Brief per hand en sms aan ouer	1. Detensie- Brief per hand en sms aan ouer 2.Graadhoof kontak ouer telefonies i.g.v. kategorie B-oortreding	1. Detensie- Brief per hand en sms aan ouer 2. Leerder verskyn voor Graadhoof 3. Graadhoof kontak ouer telefonies	1.Detensie- Brief per hand en sms aan ouer 2. Leerder verskyn voor die Dissiplinêre hoof (Fase) en die Graadhoof 3. Dissiplinêre hoof (Fase) kontak ouer telefonies	1. Detensie- Brief per hand en sms aan ouer 2. Leerder verskyn voor SDK en graadhoof	1.Detensie- Brief per hand en sms aan ouer 2. Leerder verskyn voor SDK vir interne gesprek; Skoolhoof en ouer(s) teenwoordig 3. SDK kan na dissiplinêre komitee van SBL verwys

Aantal Debiete (Netto)	**150 en meer**					
Kategorie C-oortredings	1.Meld aan by SDK vir ondersoek 2.Skorsing as voorsorgmaatreël kan ingestel word indien verleentheid /bedreiging vir ander leerders 3.Verwys na dissiplinêre komitee van SBL vir verhoor.					

1. Hierdie strafmaatreëls sal in alle gevalle in die uitsluitlike diskresie van die SDK toegepas word.
2. Enige kredietpunte wat 'n leerder mag ontvang, sal nie vorige oortredings uitkanselleer nie.
3. Alle dissiplinêre optredes teen leerders bly aangeteken teen die leerder se dissiplinêre rekord. Sodanige dissiplinêre optredes asook intervensies sal in toekomstige optredes by skuldigbevindings in ag geneem word vir die doeleindes van strafsanksies.

DEEL II

SKEDULE D

DISSIPLINêRE PROSEDURES VAN TOEPASSING BY DIE ONDERSOEK EN VERHOOR VAN DIE VERSKILLENDE KATEGORIEË WANGEDRAG

---

1. AANMELDING EN HANTERING VAN KATEGORIE A-WANGEDRAG

1.1 Indien leerders hulle aan kategorie A-wangedrag skuldig maak, moet dit aan die dissiplinêre kantoor gerapporteer word wat verder met die saak moet handel. Tensy die leerder 'n redelike verduideliking vir sy/haar optrede of versuim kan gee wat die effek het dat hy/sy nie vir die oortreding blameer kan word nie, in welke geval verdere stappe nie nodig geag word nie, moet 'n debiet toegeken en op die voorgeskrewe vorm aangetoon word.

1.2 Daarna moet daar met die aangeleentheid, wat betref korrektiewe optrede, met inagneming van die totale aantal debiete wat in daardie stadium aan die betrokke leerder toegeken is, gehandel word soos uiteengesit in skedule C.

1.3 Alle debiete wat 'n leerder behaal, mondelinge asook skriftelike waarskuwings, en die uitslag van 'n dissiplinêre verhoor waar relevant, moet onverwyld aan die dissiplinêre kantoor gerapporteer word sodat dit op 'n leerder se gedragstaat aangeteken kan word.

2. AANMELDING EN ONDERSOEK VAN KATEGORIE B-WANGEDRAG

2.1 Indien 'n leerder hom/haar aan 'n kategorie B-wangedrag skuldig maak, moet dit onmiddellik by die Dissiplinêre Hoof van die betrokke graad aangemeld word.

2.2 Die betrokke Dissiplinêre Hoof moet verder met die saak handel. Tensy die leerder 'n redelike verduideliking vir sy/haar optrede of versuim kan gee wat die effek het dat hy/sy nie vir die oortreding blameer kan word nie, moet 'n debiet toegeken word en die toepaslike dissiplinêre optrede gevolg word. Die debiete moet op die voorgeskrewe vorm aangetoon word.

2.3 Paragrawe 1.2 tot 1.4 vir Aanmelding en Hantering van katergorie A-wangedrag is ook van toepassing op die hantering van kategorie B-wangedrag.

3. AANMELDING EN ONDERSOEK VAN KATEGORIE C-WANGEDRAG

3.1 Indien daar beweer word dat 'n leerder hom of haar aan kategorie C- wangedrag skuldig gemaak het of indien daar op redelike gronde vermoed word dat 'n leerder sodanige wangedrag gepleeg het, moet die aangeleentheid sonder versuim aan die Adjunkhoof : Dissipline rapporteer word. Die Adjunkhoof moet onverwyld die bewerings of vermoede van sodanige wangedrag ondersoek of laat ondersoek deur 'n bevoegde persoon as ondersoekbeampte aan te wys.

3.2 Die Adjunkhoof : Dissipline of aangewese ondersoekbeampte moet vasstel wanneer, waar en onder watter omstandighede die beweerde wangedrag plaasgevind het. Die Adjunkhoof of aangewese ondersoekbeampte moet die nodige bewyse (wat verklarings van getuies insluit) bekom om vas te stel of daar gronde vir 'n klag van wangedrag teen die betrokke leerder is.

3.3 Indien die voorlopige ondersoek nie deur die Adjunkhoof : Dissipline self behartig is nie, moet die aangewese ondersoekbeampte, na afhandeling van die voorlopige ondersoek, die nodige getuienis wat bekom is aan die Adjunkhoof oorhandig. Die Adjunkhoof moet die voorlopige getuienis evalueer en indien die getuienis genoegsame gronde bevat met die oog op 'n klag van ernstige wangedrag, moet die Adjunkhoof die saak verwys na die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam vir doeleindes van 'n dissiplinêre verhoor wat hanteer word soos uiteengesit in Skedule E hiervan.

3.4 Die Dissplinêre Komitee moet uiteindelik, op 'n oorwig van waarskynlikhede, beslis of die leerder hom/haar aan wangedrag, soos aangekla, skuldig gemaak het.

DEEL II

SKEDULE E

PROSEDURE MET DISSIPLINÊRE VERHOOR

1. VERHOOR

1.1 Die Adjunkhoof : Dissipline of ondersoekbeampte stel ‘n klagstaat op en die ouers en leerder ontvang skriftelike kennis van die klag en die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

1.2 Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

1.3 Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

1.4 Die Beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet ‘n lid van de Beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerligaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof.

1.5 Die leerder moet deur sy/haar ouer of ‘n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om deur ‘n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Dié kennisgewing van verteenwoordiging moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldige leerder bywoon nie.

1.6 Wanneer ‘n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur ‘n pleit- en vonnisooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

1.7 Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in Artikel 8(7)-(9) van die die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of ‘n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. ‘n Persoon wat ‘n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord nie.

1.8 Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

1.9 Indien die leerder en/of sy/haar ouers/voogde en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

1.10 Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

1.11 Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

1.12 Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee ‘n besluit oor die leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van ‘n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge onstaan, sal die komitee geregtig wees om vir ‘n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

1.13 Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nog ‘n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde ‘n gepaste straf op te lê. Ten einde ‘n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir ‘n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

2 STRAFMAATREËLS

2.1 Die volgende aspekte kan, onder andere, in aanmerking geneem word by die bepaling van ’n gepaste straf:

- Die aard en erns van die oortreding
- Die leerder se algemene gedrag en houding
- Vorige veroordelings
- Die hantering van soortgelyke gevalle (presedente)
- Die persoonlike omstandighede van die leerder vir sover dit relevant is in die lig van die oortreding
- Of die leerder berou toon
- Provokasie/Uitlokking
- Goeie of uitstaande gedrag
- Of dit nalatig of opsetlik gedoen was
- Die morele verwerplikheid van die gedrag
- Onkunde
- Kom die oortreding dikwels voor en is die leerder/s al daarteen gewaarsku
- Swak gesindheid van die leerder t.o.v. die oortreding of gesag en dissipline in die algemeen

3 UITSPRAAK EN STRAFMAATREËL

3.1 In geval van ‘n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogstens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers/voogde en die aanklaer oorgedra word.

3.2 Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op ‘n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

DEEL II

SKEDULE F

SKORSING EN UITSETTING

1. Daar word onderskei tussen:

1.1 Tydelike skorsing deur die SDK aangestel i.t.v artikel 9(1) van die Skolewet

1.2 Skorsing van skoolbywoning vir hoogstens 7 (sewe) dae deur die dissiplinêre komitee as korrektiewe maatreël na afhandeling van 'n dissiplinêre verhoor; en

1.3 Skorsing deur die dissiplinêre komitee, in oorleg met die Departementshoof, in afwagting van 'n beslissing deur die Departementshoof wat op uitsetting uit die skool betrekking het.

2. 'n Leerder kan deur die SDK tydelik as voorsorgmaatreël geskors word. Alvorens sodanige beslissing egter deur die komitee geneem word, moet die leerder en/of sy verteenwoordiger geleentheid gegun word om redes aan te voer waarom tydelike skorsing nie oorweeg behoort te word nie.

3. Na afhandeling van 'n dissiplinêre verhoor kan 'n leerder wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind is, deur die dissiplinêre komitee, sonder tussenkoms van die Departementshoof, as korrektiewe maatreël, vir hoogstens 7 (sewe) dae van skoolbywoning geskors word.

4. Die prosedure wat op die uitsetting van 'n leerder betrekking het, moet streng nagekom word indien die dissiplinêre komitee 'n aanbeveling in dié verband aan die Departementshoof maak. Die dissiplinêre komitee kan ook die leerder, in afwagting van die Departementshoof se beslissing rakende die uitsetting, skors.

DEEL II

SKEDULE G

DEURSOEKINGS

Die skoolhoof of 'n opvoeder beskik oor die wetlike bevoegdheid om enige leerder of eiendom in besit van of onder beheer van die leerder te deursoek of te laat deursoek vir 'n gevaarlike wapen, dwelms of 'n verbode middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal wat op die skooleiendom gebring word, indien toestemming vir die deursoeking deur die leerder se ouer verleen is of indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat die leerder sodanige wapen, dwelms, middels, eiendom of materiaal besit of onder sy of haar beheer het. Gedurende 'n deursoeking sal die betrokke leerder met waardigheid behandel word en 'n leerder sal deur 'n persoon van dieselfde geslag deursoek word, verkieslik in die teenwoordigheid van ten minste een ander persoon. 'n Verslag van die deursoekingsprosedures en die uitslag daarvan sal daarna opgestel en deur die skoolhoof bewaar word.

DEEL III

KOSHUISGEDRAGSKODE

INHOUD

1. INLEIDING

2. KOSHUISREËLS

2.1 ALGEMEEN
2.2 TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE GEDRAGSKODE

3. REËLS EN REËLINGS

3.1 ALGEMEEN
3.2 VERBODE PLEKKE
3.3 KOSHUIS EN KOSHUISTERREIN
3.4 MOTORS, MOTORFIETSE EN FIETSE
3.5 VEILIGHEID
3.6 ELEKTRIESE TOESTELLE
3.7 BADKAMERS
3.8 SELFONE & ELEKTRONIESE TOESTELLE
3.9 KAMERS

4. DISSIPLINÊRE PROSEDURES, TUGMAATREËLS & WANGEDRAG

4.1 DISSIPLINÊRE PUNTESTELSEL
4.2 STRAFMAATREËLS
4.3 PROSEDURE VIR DIE VERHOOR

1. INLEIDING

1.1 Die KK het ‘n stel reëls opgestel in oorleg met die Beheerliggaam van die skool wat ten doel het die bevordering en handhawing van ‘n ordentlike en gedissiplineerde omgewing in die skoolkoshuis tot voordeel van alle leerders en personeel. **Hierdie stel reëls sluit in die reëls soos uiteengesit in die skool se Gedragskode.**

1.2 Leerders en hulle ouers/voogde moet deeglik op hoogte wees van alle reëls en die dissiplinêre stelsel van toepassing in die skoolkoshuis (wat beskikbaar is op die webwerf en op aanvraag) en aanvaar verantwoordelikheid vir die nakoming daarvan.

1.3 Wanneer leerders se aansoek om toelating tot die koshuis toegestaan word, word dit gedoen onderhewig aan sodanige reëls en dissiplinêre stelsel en die leerders en hulle ouers/voogde aanvaar die inhoud daarvan en onderneem om die bepalings daarvan na te kom.

2. KOSHUISREËLS

2.1 ALGEMEEN

- Om aan elkeen van die seuns en dogters wat weg van hulle ouerhuise af by die Hoërskool Gimnasium, Paarl kom skoolgaan, ‘n tuiste te bied soortgelyk aan dit wat die beste ouerhuise kan bied en om sover moontlik steeds elkeen as ‘n individu te behandel;
- Om by die koshuisleerders ‘n trots vir die koshuis en skool en sy ryke geskiedenis en -tradisies te ontwikkel;
- Om etes te verskaf wat voedsaam en van goeie gehalte is;
- Om geleenthede aan elke koshuisleerder te bied om akademies te presteer, sowel as om aan sport- en kultuuraktiwiteite deel te neem;
- Om deur studietye wat op vaste tye geskied en waartydens die nodige toesig en dissipline verleen word, aan alle koshuisleerders die geleentheid te bied om na die beste van hul vermoë te presteer.

2.1.1 Hierdie gedragskode het ten doel om:

- ‘n geordende koshuisomgewing daar te stel en sekerheid te skep oor wat van elkeen verwag word;
- ‘n veilige en rustige tuiste vir sy koshuisleerders te skep;
- die netheid van die leerders, die koshuis en die koshuisterreine te bevorder;
- respek vir mekaar en ander se persoon en eiendom te bevorder;
- goeie gedrag, goeie maniere en bedagsaamheid teenoor mekaar en ander te bevorder;
- ferm, maar regverdige dissipline te handhaaf ten einde, o.a. die koshuisleerder te lei tot selfdissipline;
- ‘n billike prosedure en tugmaatreëls daar te stel vir koshuisleerders wat van die gedragkode sou afwyk; en
- ‘n billike prosedure daar te stel ingevolge waarvan koshuisleerders en hulle ouers se griewe hanteer kan word.

2.1.2 Die deure van die skoolhoof en koshuishoof staan oop vir enige koshuisleerder of -ouer met ‘n probleem, versoek of voorstel. Ouers is welkom om enige tyd van die dag met die betrokke superintendent of diensdoenende opvoeder te kontak.

2.2 TOEPASSINGSBESTEK VAN DIE GEDRAGSKODE

2.2.1 Hierdie gedragskode is van toepassing op alle koshuisleerders terwyl hulle onder die beheer en toesig van die koshuis staan – hetsy in die koshuisgebou, op die koshuisterrein, by 'n koshuisfunksie of -uitstappie of enige plek waar hulle die koshuis verteenwoordig of met die koshuis geassosieer kan word.

2.2.2 Dit is goedgekeur deur die beheerliggaam van die skool, na oorlegpleging met die koshuishoof en opvoeders, ouers, koshuiskomitee en koshuisleerders.

2.2.3 Dit is belangrik om daaarop te let dat alle koshuisleerders steeds deel bly van die groot Gimmie-gesin en, ten einde dissipline sinvol uit te oefen, sal die gedragskode vir leerders van die skool, op koshuisleerders van toepassing wees terwyl hulle onder die toesig en beheer van die skool staan.

3. REËLS EN REËLINGS

3.1 ALGEMEEN

3.1.1 Koshuisleerders mag nie in ander leerders se kamer wees, in hul kas of besittings krap of hul eiendom neem of in sy besit hê sonder die toestemming van die ander leerder nie.

3.1.2 Koshuisleerders moet op eie koste slotte voorsien vir hul kaste en moet hul kaste sluit wanneer hulle nie self in die kamer teenwoordig is nie. Let wel: kombinasieslotte is nie veilig nie en moet onder geen omstandighede gebruik word nie. As hierdie basiese veiligheidsmaatreëls nie nagekom word nie, word die SAPD nie in kennis gestel indien 'n beweerde misdaad gepleeg is nie.

3.1.3 As 'n leerder per ongeluk iets breek, moet dit dadelik aan die diensdoenende opvoeder gerapporteer word, anders word dit as vandalisme beskou.

3.1.4 Die herstel- of vervangingskoste van koshuiseiendom wat deur 'n leerder beskadig word, hetsy opsetlik of nalatig, sal deur sy ouers aan die koshuis betaal word.

3.1.5 Kamer- en kasinspeksie word onaangekondig deur die superintendent gereël.

3.2 VERBODE PLEKKE

Die volgende plekke is verbode vir alle koshuisleerders sonder toestemming of toesig:

- Die kombuis en, tensy vooraf gereël, die eetsaal na ure;
- Die koshuis gedurende skooltyd, tensy vooraf met die betrokke superintendent gereël;
- Die opvoeders se wonings;
- Seuns in dogterskoshuis of dogters in seunskoshuis;

3.3 KOSHUIS EN KOSHUISTERREIN

3.3.1 Geen vullis, rommel of enige ander artikel mag in die koshuis of koshuisterrein gemors word of deur vensters gegooi word nie. Hou die koshuise en terrein netjies deur papiere, blikke en bottels op te tel en in die vullishouers te plaas - al het jy dit nie rondgestrooi nie.

3.3.2 Moenie die plante of bome beskadig of die blomme afpluk nie.

3.3.3 Moenie die koshuisterrein binnekom of verlaat deur oor heinings te klim nie.

3.4 MOTORS, MOTORFIETSE EN FIETSE

3.4.1 Geen fiets mag in die koshuis gery of gestoor word nie. Fietse mag slegs in 'n vooraf aangeduide plek gebêre word. Fietse moet behoorlik met 'n slot (nie 'n kombinasieslot) en ketting vasgesluit word. Koshuisleerders wat nie by hierdie voorskrifte hou nie, sal hulle fietse vir die res van die kwartaal van die koshuisterrein af verwyder en by 'n tweede of volgende oortreding, vir die res van die jaar.

3.4.2 Geen skaatsplanke mag in die koshuis gehou, of in die koshuis of op die skool- of koshuisterrein gebruik word nie.

3.4.3 Alle leerders wat 'n voertuig op die skoolterrein bestuur, moet in besit wees van 'n geldige bestuurderslisensie en moet voldoen aan die voorwaardes soos van tyd tot tyd aan hulle deurgegee deur die Koshuishoof of Superintendente.

3.5 VEILIGHEID

3.5.1 Geen koshuisleerder mag enige gevaarlike wapen of voorwerp (ingesluit, maar nie beperk nie, tot 'n vuurwapen, mes, skroewerdraaier, lemmetjies, spuitnaalde, klappers, vuurhoutjies, aanstekers, plofstof, ketties, BB-gewere, ens.) op die koshuisterrein bring of besit nie.

3.5.2 Die speel van speletjies op die koshuisterrein wat tot beserings kan lei, word verbied.

3.5.3 Geen spelery of hardlopery word in die koshuis toegelaat nie, veral nie met balle of ander sportapparaat wat die koshuis kan beskadig nie.

3.5.4 Verdagte persone/ voorwerpe moet dadelik aan die opvoeder aan diens gerapporteer word.

3.5.5 Brandblussers, gassirenes en veiligheidskameras is daar geplaas vir noodsituasies en geen leerder mag daarmee peuter of dit verwyder nie.

3.5.6 Geen leerder mag in besit wees van en/of peuter met nooduitgangsleutels nie.

3.6 ELEKTRIESE TOESTELLE

3.6.1 Die volgende reëls t.o.v. elektriese toestelle sal geld en streng toegepas word:

- Geen yskaste, ketels of los elemente mag in die koshuis gebruik of ingebring word sonder toestemming nie;
- Geen verwarmers wat 'n brandgevaar mag inhou mag gebruik word nie;
- Voordat 'n leerder sy kamer verlaat, moet hy toesien dat alle elektriese toestelle afgeskakel is;
- Radio's, CD-spelers en draagbare luidspelers mag nooit so hard gespeel word dat dit steurend is nie. Indien wel, word dit gekonfiskeer;
- Alle persoonlike besittings bly die leerder se verantwoordelikheid en word op eie risiko koshuis toe gebring.

3.7 BADKAMERS

3.7.1 Badkamers moet te alle tye in ’n netjiese, skoon en higiëniese toestand gehou en gelaat word.

3.7.2 Die volgende moet, onder andere, op gelet word:

- Water moet altyd spaarsamig gebruik word, veral warm water, en mag nie mee gespeel of gemors word nie;
- Geen voorwerp wat die rioolstelsel kan verstop, mag in die toilette, urinale of ander waterafvoerpype afgespoel word nie;
- Moenie in die badkamers speel of onnodig saamdrom nie;
- Enige vorm van graffiti is streng verbode;
- Klere mag slegs op toegewysde plekke gehang word.

3.8 SELFONE & ELEKTRONIESE TOESTELLE

3.8.1 Indien ’n leerling ’n selfoon/elektroniese toestel besit, mag dit op eie risiko in die koshuis ingebring en gebruik word. Dis is egter duur instrumente wat maklik en inderdaad dikwels gesteel word.

3.8.2 Geen selfone/elektroniese toestelle mag deur ’n leerder tydens studie, etes, stiltetye of na ligte-uit gebruik word nie, behalwe in geval van nood en met vooraf toestemming.

3.9 KAMERS

3.9.1 Toewysing van kamers berus in die diskresie van die koshuishoof of sy gevolmagtigde, wie die toewysing van tyd tot tyd mag verander. Geen leerders mag van kamer verander sonder die koshuishoof se toestemming nie.

3.9.2 Die koshuishoof sal versoeke van leerders, of hulle ouers, om van kamermaat te verander, simpatiek en vertroulik oorweeg.

3.9.3 Muurbehangsels/prente word beperk tot twee per leerder. Dit moet netjiese- en smaakvolle prente wees wat so vasgesit word dat dit nie die verf beskadig nie - geen kleefband of maskeerband mag gebruik word nie.

3.9.4 Geen plakkers mag teen kasdeure se buitekante of vensters of teen geverfde mure aangebring word nie.

3.9.5 Geen klere, handdoeke, wasgoed, ens. mag in vensters opgehang word nie - ’n wasgoedrak sal beskikbaar gemaak word.

3.9.6 Voordat die koshuis vir ’n naweek of vakansie verlaat word, moet elke leerder toesien dat sy kamer aan die kant en skoon is, dat alle vensters behoorlik toegemaak is en alle ligte en elektriese toerusting afgeskakel en by die muurprop uitgetrek is.

3.9.7 Elektrisiteit moet te alle tye spaarsamig gebruik word - skakel kamerligte of elektriese toestelle wat nie gebruik word nie, af.

3.9.8 Leerders moet oor naweke in hulle eie kamers slaap.

3.9.9 Die inwoner/s van elke kamer is verantwoordelik vir die meubels en toerusting in daardie kamer en sal dit in dieselfde toestand onderhou soos ontvang.

4. WANGEDRAG, DISSIPLINÊRE PROSEDURES EN TUGMAATREËLS

4.1 Algemeen

4.1.1 Die toepassing van gesonde dissipline in die koshuise word as noodsaaklik beskou vir die skep van 'n geordende omgewing waarbinne die koshuisleerders hulself kan uitlewe sonder om inbreuk te maak op die regte en belange van ander.

4.1.2 Ter verwesenliking van hierdie doelstelling sal die toepassing van dissipline breedweg met inagneming van die volgende uitgangspunte geskied:

- Dit is die verantwoordelikheid van die koshuishoof, die opvoeders en die huiskomiteelede (HK) om orde in die koshuise te handhaaf en dissipline toe te pas;
- By die toepassing van dissipline sal primêr gefokus word op die korrektiewe oogmerk daarvan en sekondêr op die strafoogmerk;
- Beide positiewe dissipline (aanprysing, dank, waardering, ekstra voorregte, positiewe punte, ens.) sowel as negatiewe dissipline (vermaning, weerhouding van voorregte, strafpunte, straf, ens.) sal aangewend word;
- Dissipline sal prosedureel sowel as substantief billik toegepas word;
- Dissipline sal konsekwent en objektief toegepas word;
- Dissiplinêre ondersoeke en verhore sal so informeel moontlik geskied en geen regsverteenwoordiging word vir enige van die partye daarby betrokke toegelaat nie. (Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam (of Voorsittende Beampte van die dissiplinêre verhoor) mag 'n regsgeleerde wees).

4.2 Wangedrag – soos uiteengesit en gedefinieër in paragraaf 5 hiertoe:

'n Koshuisleerder is skuldig aan wangedrag as hy/sy:

4.2.1 'n bepaling van hierdie gedragskode oortree of versuim om daaraan te voldoen;

4.2.2 weier of versuim om aan 'n strafmaatreël ingevolge hierdie gedragskode opgelê, te voldoen;

4.2.3 iets doen wat nadelig is vir die koshuis se goeie naam, dissipline of doeltreffendheid, of dit laat doen;

4.2.4 'n wettige opdrag wat aan hom/haar gegee word deur 'n opvoeder of huiskomiteelid of iemand anders wat die bevoegdheid het om dit te gee, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of weier of versuim om dit uit te voer;

4.2.5 hom/haar deur woord of daad aan insubordinasie skuldig maak;

4.2.6 hom/haar op 'n skandelike, onbehoorlike, onbetaamlike of oneerlike wyse gedra;

4.2.7 hom/haar op so wyse gedra dat die verhoudinge in die koshuis of die verhouding tussen opvoeders en koshuisleerders benadeel word,

4.2.8 willens en wetens 'n onjuiste of valse verklaring doen om iemand te beskerm of te benadeel;

4.2.9 kriminele misdryf pleeg terwyl hy/sy onder die koshuis se beheer en toesig staan;

4.3 Dissiplinêre prosedures

Wanneer enige iemand 'n beskuldiging van wangedrag teen 'n koshuisleerder maak, word die posedure soos hieronder uiteengesit, gevolg.

4.4 **Tydelike opskorting van koshuisinwoning**

Die koshuishoof kan te enige tyd nadat 'n aanklag van baie ernstige wangedrag of herhaalde wangedrag van 'n ernstige aard teen 'n leerder aanhangig gemaak is, so 'n leerder se ouers versoek om hom onverwyld uit die koshuis te verwyder in afwagting van die uitslag van

4.4.1 die strafregtelike- of dissiplinêre verhoor, indien hy van mening is dat die leerder se voortgesette teenwoordigheid in die koshuis die ondersoek sal benadeel en/of die belange van die koshuis en/of koshuisleerder/s sal skaad.

4.4.2 Die koshuishoof kan 'n leerder wat van 'n kriminele oortreding aangekla word, se inwoning in die koshuis opskort totdat die kriminele proses teen hom afgehandel is.

4.4.3 'n Leerder wie se bywoning van die skool opgeskort is, se inwoning in die koshuis word ook outomaties opgeskort.

4.5 **Klassifisering van oortredings**

4.5.1 Dit is nie moontlik óf wenslik om oortredings vooraf in waterdigte kategorieë te plaas nie, aangesien die ernstigheidsgraad van 'n oortreding mag verskil van geval tot geval en ook beïnvloed mag word deur bv. die houding van die oortreder, die aantal kere en hoe gereeld dit deur dieselfde oortreder herhaal word, ens.

4.5.2 Hoewel die gepaste kategorie eers finaal bepaal kan word as genoegsame feite beskikbaar is, word dit tog nodig geag om aan opvoeders leiding in hierdie verband te gee. Derhalwe word daar sovêr moontlik in hierdie gedragskode gepoog om aan die einde van elke oortreding 'n puntelading toe te ken.

4.5.3 Let wel: Hierdie aanduiding is nie voorskriftelik nie, maar slegs 'n riglyn - die finale bepaling berus steeds by die betrokke opvoeder.

4.6 **Tugmaatreëls**

4.6.1 Wangedrag van 'n minder ernstige aard (90 punte of minder) word aan die leerder toegeken deur die punte uiteengesit in paragraaf 5 as riglyn te gebruik.

4.6.2 Die feit dat enige oortreding per abuis nie in paragraaf 5 vervat is nie, verhoed nie 'n opvoeder om steeds 'n maksimum van 135 negatiewe punte toe te ken nie.

5. DISSIPLINÊRE PROSEDURES, TUGMAATREËLS & WANGEDRAG

5.1 DISSIPLINêRE PUNTESTELSEL

Die dissiplinêre puntestelsel bevat sekere bepalings soos vasgestel en goedgekeur deur die Koshuiskomitee en bekragtig deur die Beheerliggaam

Die puntestelsel vir dié afdeling berus op die basis van drie waardes: Respek, Verantwoordelikheid en Stiptelikheid en 'n ekstra afdeling, nl. Wangedrag.

RESPEK:

Laat vensters oop oor naweke	5
Kamer / Bed / Bedkassie / Boekrak / Drommetjie onnet / Nie uitgevee / Kaste staan oop	5
Elektriese apparaat aangeskakel terwyl vir langer tydperke uit kamer is	5
Kru Taal (minder ernstig)	5

Steurende gedrag	10
Nie geskeer nie/ Hare te lank/ Verkeerde kleredrag / Grimering met skooldrag	10
Rondloop, raas of praat/musiek te hard /Kuier tydens stiltetyd, studie, na ligte uit	15
Balspele/Stoei/Speel/Hardloop in gange, kamers of sale of gedurende stilte of studie	15
Eetgerei/Melk/Smere in kamer (kombuis se eiendom /Neem eetgerei uit eetsaal)	15
Gooi voorwerpe by venster uit	15
Ontwrig studiesaal-/eetsaal-/laatstudieprosedure	15
Gesels terwyl personeel / HK-lid praat	15
Wangebruik van elektroniese-, elektriese- of ander koshuistoerusting	15
Dop / Natgooi van beddens (sonder leerders)	15
Vryery in openbaar	15
Kattekwaad	20
In ander leerders se kamer terwyl hul nie teenwoordig is nie	20
Plak van voorwerpe/prente teen mure/ vensters /aansteekborde/ plafonne/geverfde oppervlak	20
Intimidasie / Afdreiging	30
Gebruik 'n ander leerder se besittings sonder toestemming	30
Leuens, oneerlik	45
Uittartende, onaanvaarbare gedrag/ Arrogansie (Swak dissipline) / Uitdagend	45
Vloek, ernstige onaanvaarbare taalgebruik / Die persoon vloek	45
Minagting, disrespek	45
Ander:	

STIPTELIKHEID

Gaan na badkamers/toilette na stilte/ligte-uit (binne 30 minute en sonder toestemming)	5
Laat vir: stilte/ studie / ete / strafsitting / uit koshuis vir skool	5
Stort op verkeerde tye (sonder toestemming)	5
Laat slaap/ vroeër slaap sonder toestemming	5
Nie op plek tydens studie	10
Laat terug in koshuis uit dorp/Laat ingekom	15
Eet, drink tydens studietyd/stiltetyd	15
Ander:	

VERANTWOORDELIKHEID

Versuim om pligte as prefek na te kom	15
Draf buite die skoolterrein sonder toestemming/toesig	15
Nie in skool- of sportdrag in dorp/ of vir enige ekstra klasse / onvolledige skool- of sportdrag	15
Afwesig (sonder toestemming) tydens ete/ studie/vergadering / middagdetensie	15
Uittekenreëlings nie volgens koshuisreëls nie	15
Onwettige toerusting in kamers (yskas, ketel, dompelaar, staafverwarmer)	30
Versuim om aanvaarbare reëlings te tref tov afwesigheid uit koshuis	45
Kuier deur vensters	45
Gebruik van selfoon, rekenaar, tablet teenstrydig met koshuisreëls	*Oorhandig /45
Slaap nie in koshuis - sonder toestemming van ouers / geen kennis aan koshuis	90
Onwettige verlaat/betree van koshuis	90
Ander:	

* Oorhandig selfoon vir 48h of 45 punte

WANGEDRAG

Teenwoordig by gebruik van alkohol, narkotiese- en of nikotienverwante middels	45
Onwettige betreding van eetsaal/kombuis/koshuis (bedags)	45
Moedswillige beskadiging van eiendom	45
Vandalisme	90/S
Vervalsing (telefoonoproepe, fakse, briewe/e-pos, handtekeninge, sms, whatsApp)	90
Gebruik vervoer verskaf deur ander party as ouers of koshuisvervoer sonder toestemming	90
Gooi klappers deur vensters / in gebou	90/S
Viktimisasie, intimidasie, baklei, opsetlike besering	90/S
Dop leerders	90/S
Onwettige gebruik van brandtoerusting/nooduitgang	90/S
In besit van onwelvoeglike materiaal / pornografie / ernstige onwelvoeglikheid	90/S
Inbreek / uitbreek / oopdwing van deur of vensters	90/S
Vervalsing : Afdrukke/kopieë van sleutels, scanners maak / peuter met slotte / handtekeninge	90/S
Skuldig aan wangedrag (buitengewone Provinsiale Koerant 31-10-1997)	135/O
Besoeke van seuns/dogters aan dogters/seunskant	135/O
Diefstal	135/O
Fisieke / geweldadige aanranding	135/O
In besit van vuurwapens of enige ander skadelike wapen	135/O

Gebruik / in besit van enige nikotienverwante-, narkotiese-, alkoholiese middele of –apparate	135/O
Ander:	

S – Skorsing vir tydperk

O – Opskorting van koshuisinwoning

5.2 Die volgende strafmaatreëls sal geld en toegepas word wanneer leerders hulle skuldig gemaak het aan herhaalde oortredings en die ontvangs van negatiewe punte:

15 Punte	Weeksdagdetensie
45 Punte	Kamerdetensie (verskyn voor superintendent + ouers word in kennis gestel)
90 Punte	Verskyn voor Koshuishoof en KDK + ouers word in kennis gestel
135 Punte	Verskyn voor Koshuishoof en KDK + ouers word in kennis gestel en sal geregtig wees om die verhoor by te woon.

.

- Vir elke 15 punte verdien : Weeksdagdetensie

5.3 Indien ‘n leerder 90 of meer punte teenoor sy/haar naam opgebou het, behou die KDK die reg voor om een of meer van die onderstaande tot uitvoer te bring:

a) Dien straf toe aan die leerder; of

b) Verwys na die koshuiskomitee se dissiplinêre komitee vir dissiplinêre optrede; of

c) Skorsing.

5.4 In geval van verwysing in terme van paragraaf 4.2.3(b) hierbo, kan die koshuiskomitee se dissiplinêre komitee enige van die volgende stappe neem:

a) ‘n Gepaste straf toedien; en/of

b) Die leerder en sy ouers/voogde in kennis stel dat die leerder heraansoek moet doen vir toelating tot die koshuis vir die volgende akademiese jaar; of

c) Opskorting van koshuisinwoning.

5.5 PROSEDURE VIR DIE VERHOOR

Dissiplinêre optrede word beheer deur die reëls van natuurlike geregtigheid en sal in breë trekke die formaat aanneem van ‘n normale dissiplinêre verhoor waarin die voorsitter ‘n onafhanklike persoon kan wees en die Komitee as geheel as ‘n regsbank funksioneer. Geen regsverteenwoordiging word toegelaat nie. Die bevindinge van die komitee is finaal en kan slegs deur die skoolhoof tersyde gestel word.